
# RPO Markverslag
## Week 32 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R37.17** | 2.3% | 1.8% | 14.5% |
| A2 (R/kg) | **R73.70** | -2.6% | 4.1% | 33.4% |
| B2 (R/kg) | **R60.61** | 3.3% | 4.9% | 27.6% |
| C2 (R/kg) | **R58.10** | -1.2% | 3.6% | 33.7% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 32 met 2.3% gestyg teenoor die vorige week en is tans 14.5% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die prys ry op hierdie stadium so bietjie wipplank, maar die neiging is opwaarts. Daar kan verwag word dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan volhou en 'n piek in Oktober bereik. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in September rondom R38/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R33/kg en nie hoër as R43/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 32 met 2.6% gedaal teenoor die vorige week en is tans 33.4% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n hoër aanbod van karkasse. Die verwagting is dat die prys vanaf Augustus na September kan daal en dan stelselmatig begin styg in Oktober. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in September rondom 71/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R63/kg en nie hoër as R79/kg behoort te wees nie.


*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag
## Week 32 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.40 | 0.8% | 1.6% | 26.0% |
| A2 (R/kg) | R106.00 | 0.5% | 0.4% | 17.9% |
| B2 (R/kg) | R78.27 | 5.0% | 14.7% | 22.1% |
| C2 (R/kg) | R78.30 | 4.1% | 13.2% | 26.0% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 32 met 0.8% gestyg teenoor die vorige week en is sowat 26% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue lae aanbod op lammers. Die verwagting is dat die prys stelselmatig kan daal tot in Desember soos die aanbod op lammers kan vermeerder. Op hierdie stadium beweeg die prys egter nader aan die boonste voorspelde grens, en mag dit langer duur voor die prys begin daal. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in September rondom R46/kg te wees en nie laer as R40/kg en nie hoër as R52/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 32 met 0.5% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 17.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die prys beweeg tans redelik sywaarts met `n effense opwaartse neiging. Daar kan steeds verwag word dat die prys vanaf September stelselmatig kan afneem tot in Oktober. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in September ongeveer R105/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R117/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*